

Skriflesing: Esegïel 15; Lukas 13:6-9

Teks: **Esegïel 15:2-3**

Sing: Ps. 107:1,16; Ps. 32:5; Ps. 74:1,2,4; Ps. 78:1,17

Vir ons as gereformeerde gelowiges, broeder en suster, is die vraag wat ons sekerlik moet brand- watter verskil maak die feit dat jy gereformeerd is, nog werklik saak?! Maak die belydenis van om te sê ek is gereformeerd werklik nog enige indruk in jou eie lewe en die lewe van andere. Ons vier vandag weer die Hervorming, Luther en Calvyn wat daadwerklik groot bydraes gelewer het in die plant van die gereformeerde boom. Ons sal dalk wil glo dat die bodem waaruit die boom van die Reformasie kon groei van besondere waarde moet wees, maar tussen bodem en boom moet daar tog fyn onderskeidings gemaak word. Vandag moet ons dit ook wil onderskei.

Ons het vanuit die reformasie 'n wonderlike bedding, wonderlike bodem, wonderlike grond ontvang om in te werk, maar u en ek wat soos bome op hierdie grond kan groei, is die vraag watter groei het daar daadwerklik by ons plaasgevind. Sou ek verkeerd wees om vanoggend op hierdie dag en datum van Hervorming, 31 Oktober 1517, te beweer die bome van die reformasie staan maar skraal en hulle is boonop kaal as daar op 31 Oktober 2010 na hulle gekyk word?

Die sonde van onvrugbaarheid is waarna gekyk moet word. Weet u, in Esegïel het ons nou al tot by hfst. 15 gevorder. Dadelik moet u uself herinner, dat in hfst.14 het die oudstes, die ouderlinge van Israel eintlik 'n groot kans wou vat. Hulle wat op grond van die geskiedenis 'n saak wou uitmaak vir wat hulle gemeen het God se werkswyse en sienswyse behoort te wees. Historiese figure soos Noag en Job en Daniel, manne uit hulle eie geskiedenis, daar was beweer God moet na ons kyk ook op grond van daardie manne se geloof.

Broeder en suster, u moet onthou wat die Here by herhaling in hfst. 14 na ons teruggekom het. Jy, ja jy, het 'n persoonlike verantwoordelikheid. Die Here het dit vir die oudstes 'n paar keer gesê dat al was daardie drie manne op daardie oomblikke in Jerusalem – *so waar as Ek leef spreek die Here, HERE, hulle sou geen seuns of dogters red nie, net hulle sou gered word...* Om vandag op grond van die groot manne se geloof, Calvyn, Luther, John Knox, Ulrich Zwingli, ons sou nog name uit ons eie volk se geskiedenis kon byvoeg, mense wat vir die Here se kerk en ons as volk van besondere

waarde mag wees, maar in alles geld die woord in Esegiël vir ons net soveel. Jou eie verantwoordelikheid kan op geen van hierdie manne oorgedra word nie.

Ons het in hfst. 14 God se bewysstukke ontvang dat God se straf het vir Israel hard sou tref, by wyse van wilde diere, die swaard, die pes en die hongersnood. Daar was geen manier waarop enigeen vir God kon beskuldig dat die Here nie regverdig is nie. As die Here wel 'n klein gedeelte in Jerusalem laat oorbly dan is hulle op besondere wyse God se bewysstukke dat die Here regmatig straf. En met hfst. 14 staan hfst. 15 baie duidelik op dieselfde grond dat wanneer jy jou persoonlike verantwoordelikheid besef dan moet jy veral let op hoe effektief, hoe vrugbaar is jy nog werklik in jou gereformeerde geloof.

Is die sonde van onvrugbaarheid in ons gereformeerde geloofslewe nie besig om ons van alle kante in te haal nie?! Juda en Jerusalem word deurgaans in die Here se Woord ook sy wingerd genoem. Esegiël weet presies wie die wingerd vir God veronderstel is om te wees. Jesaja het mos ook die lied van die wingerd gesing- Hoe God aan hierdie wingerd die allerbeste sou gee. Op 'n vrugbare heuwel geplant, diep is daar gespit, die klippe is uitgehaal, edel wingerdstokke geplant, tot 'n wagtoring is daar binne gebou, daar is niks wat die wingerd kon verhoed om nie goeie vrug te dra nie, maar dan is Jesaja gebring by die vrug, maar dit is wild. Esegiël is by dieselfde wingerd uitgebring, maar nou wil dit lyk daar het nog slegter dinge gebeur.

Die wildheid het leegheid geword. Ja, dit kan ons maar in alle geval onthou, om in jou lewe vir die Here wilde vrug te dra, ek lewe 'n wilde lewe, sulke vrug is in alle geval so sleg en suur dat mens dit nie anders kan verwag dat so 'n lewe in leegheid sal toeneem nie. Ons kan hierdie Ou-Testamentiese gelykenis wat God vir Esegiël duidelik maak ook Nuwe-Testamenties in sy teëbeeld ook lees. Lukas 13:6-9, dan bly die sonde van leegheid vir Jesus voor oë. Leegheid staan natuurlik in verband met nutteloosheid. Dit maak dit so ernstig!

Ons as mense sal op baie maniere by hierdie sonde ons gesigte wil wegdraai. Wanneer iemand giftige dinge doen, hy het gesteel, hy het moord gepleeg, hy het met kinders gelol, ag hoe baie is daar nie om op te noem nie, dan rek die oë en ons het ons monde daarvoor vol, maar dit waaroor Esegiël 15 ten diepste oor handel, dit laat baie mense

eintlik nie eers 'n ooglid verroer nie. Hy/sy het mos niks verkeerd gedoen nie. So lank ek niks verkeerd doen nie, dan het ek mos reg gedoen.

Is dit hoe die Here hierna kyk, broeder en suster, ook op hierdie Hervormingsondag? Dit wat ek vir die Here moet doen, is beslis nie net 'n lys van negatiewe dinge wat die Here my wel verbied om te doen nie, maar die Here kyk na Juda en na Jerusalem en daar het ons dit nou....*wat is die hout van die wingerdstok meer as al die hout- die wingerdrank wat onder die hout van die bos is....* Die Here vra hierdie vraag met die besondere doel dat jou waarde as kind van die Here moet ook uitgemaak kan word in wat doen ek werklik vir die Here. Ek is nie maar net besig om sekere dinge nie te doen nie, dit is dalk goed en reg, maar moet nie daaragter gaan skuil en eintlik is ek besig om niks te doen nie. Werklik niks, want ek doen nie die verkeerde nie, maar ek doen ook nie die regte nie. Wat is so een werklik vir God werd?!

Die kerk waarvan ons hier in Esegiël lees, was van besondere hout gesny. Om 'n wingerd van God te wees, is juis so besonders, want as jy nie druiwe dra nie, dan is jy eintlik 'n geslingerde rank waarmee niks gedoen kan word nie. So 'n rank is 'n waterdief, 'n gronddief en 'n steler van tyd en vrugbaarheid. Wie sulke vrugtelose wingerdranke opsny om houtwerk te doen, daar sal niks die moeite werd wees nie. Ek kan nie eers 'n houtpen van wingerdhout maak om in 'n muur te slaan en my jas daaraan op te hang nie.

Dit is die diepte van die probleem waarmee God sy volk in Esegiël mee moet konfronteer. Ons kan die aandag en die grond en die tyd wat God aan hierdie volk bestee het, eintlik op geen wyse na behore beskryf nie. Daar het in Esegiël wiewe oor God se besondere werk uitgerol, maar nou as God se wa gereed staan, om die druiwetrosse uit sy wingerd te kom oplaai, dan is daar nie eers enkele druiwekorrels wat gelaai kan word nie. Al wat hulle kan aanbring is 'n klomp wingerdstokke wat mens in alle geval niks mee kan maak nie! Behalwe natuurlik een ding- ek kan daarmee vuur maak!

Dit wys die Here nou ook. Wanneer die sonde van nalatigheid en traak-my-nie agtigheid, deel van die alledaagse lewe geword het, dit wat in hedendaagse gereformeerdes se lewe ook voorkom, broeder en suster, waar gaan dit ons uitbring.

Ons moet oor die dinge wat die Here ons gebied, die dinge wat ons moet doen, net so ernstig wees as oor die dinge wat ons weet ons ook nie mag doen nie. Tussen die Here se gebied en verbied mag ons nie die een hoër ag as die ander een nie. Dit is vir God ewe belangrik. In aansluiting by die vorige hoofstuk is dit duidelik ons het 'n persoonlike verantwoordelikheid om oor beide ons te verantwoord.

Om vandag mense direk te vra oor wat dit beteken om gereformeerd te wees, dan sukkel dit maar. Dit verbaas mens eintlik nie, want as die gereformeerde wingerd al hoe meer ophou om die vrug te dra wat daarby pas, kan mens eintlik die ongereformeerde sy onkunde begryp. Vandag se mens is eintlik nie veel gepla oor wat geglo word nie, want baie gou sal hulle wil sê, dat jy glo is belangriker as wat jy glo. Die Here wys deur Esegïël die “wat” is nie minder belangrik nie. Dat dit 'n wingerd is, is so, maar wat van die wingerd. Die vrug is daar nie, die hout is daarom eintlik van nul en geen waarde nie. Dit is die Here wat dan Self vra- *Word daar hout van geneem om vir 'n stuk werk te gebruik? Of neem 'n mens daar 'n pen van om allerhande goed aan op te hang?*

Nee, sal ons saam met Israel moet antwoord. Ek kan sulke wingerdhout eintlik maar net gebruik vir die maak van vuur. En dit het die Here dan ook gedoen. Treffend kan ons die vuurmaak van die Here in sy volheid raaksien. Israel het in daardie tyd nog altyd uit die twee ryke bestaan- die noordelike ryk en suidelike ryk. In die noorde was die tien stamme en in die suide die oorblywende twee stamme. Die Here sê die een stuk hout is aan sy twee ente verteer. Dit is wat dan ook gebeur het. In 722vC het die noordelike ryk ondergegaan en in 597vC het met die suide dieselfde gebeur. Jerusalem het toe ook geval en dit is waar Esegïël saam met die ander in ballingskap weggevoer was.

Die twee ente verteer, maar nou sien ons weer iets heel besonder. Die hout se middelste deel is nog daar, wel verskroei, maar nie verteer nie. Dit is hulle wat in Jerusalem kon agterbly. Daardie deel waarmee die Here vir Esegïël dan ook baie goed na laat kyk het. God het Esegïël met daardie deel goed besig gehou. Die deel waarin Sedekia met sy soort van reorganisasie- politiek die onvrugbare wingerdstok van sy laaste trossies sou beroof. Re-organisasie wat so baie na re-formasie klink, maar dit is eintlik so vêr van mekaar verwyder soos die ooste van die weste. Die verwydering van die stuk hout se twee ente bring verbranding en dit is eintlik al wat Sedekia reggekry het. Twee ente weggebrand en 'n verskroeiende middelstuk.

Dit maak hierdie hout eintlik die toppunt van nutteloosheid. Sonder die vuur dan beteken net die wingerdhout alreeds so min. Hoe min is die geskroeiende deel werd nou dat dit nog swakker is. Gee dit maar heeltemal aan die vuur oor. Dit is eintlik al wat nou daarmee gedoen kan word.

Broeder en suster, hierdie wat Esegïel hier raaksien was nie maar toekomstige dinge nie, toekomstige oordele wat miskien oor Israel sou kom nie. Esegïel staan midde-in die werklikheid hiervan. Wanneer hy hier voor God staan en hy die vrae van die Here moet beantwoord, dan is dit reeds 'n voltrekte oordeel. Israel is reeds weggevoer, die hout se punte is reeds weggebrand, die ou klompie verskroeiendes in Jerusalem wil hulle hoop op Sedekia se planne en politiek bou, maar sonder om werklik na God te luister. Terwyl as daar tog maar dan vrug sou wees, dan sou uit hulle verskroeiende gemoed die geloof kon uitbot in vrug wat so groot is soos ons weet daar in Israel wel ook die druiwetrosse kon wees wat dit nie een man se werk was om die een druiwetros te dra nie, dit wat Josua met sy eie oë gesien het. Nou is die teendeel waar. Daar is geen vrug nie, vrug wat in die geloof gedra moet word.

Terwyl as ons vandag in Christus na hierdie gedeelte kyk, broeder en suster en dit wat die Here in Lukas 13 duidelik maak, dan moet ons nie daarvan misbruik maak dat die Here ons sy kerk gemaak het nie. Hoe kan mens van jou kerk-wees misbruik maak, mag u dalk vra? Die gelykenis in Lukas 13 wys op ten minste drie voorregte wat die vyeboom gehad en waarvan misbruik gemaak is. Die eerste voorreg om as vyeboom tussen druiwe geplant te wees, in daardie goeie wingerdgrond, watter voorreg om met die druiwe in die beste grond te deel. Daar word jare tyd gegee, die eienaar van die boom praat van ten minste drie jaar wat dit nou al so aangaan. Die derde voorreg is om dit nog weer om te spit, weer word daar bemesting toegepas, al het dit in die verlede nie gehelp nie.

Broeder en suster, laat ons goed besef hierdie tuinier, is niemand anders nie as Jesus Christus. Voorregte wat die kerk in Hom mag ontvang moet ons tot sy eer laat strek, moet daarvan nie misbruik maak nie. Om grond te gebruik, geleentheid te gebruik, tyd en toewyding te gebruik asof dit aan ons behoort en nie aan die Here nie, maak dat die Here ook vir jou en my vra maar watter waarde het jy dan nog werklik vir My?! As die wingerd nie vrug dra, met sy hout kan daar niks gemaak word nie. Dit geld vir ons as

kerk net soveel. As die kerk nie op die terrein van God se koninkryk van enige waarde vir God meer is nie, dan is die kerk eintlik die mees hopelose wat daar kan wees.

Kerke moet nie op ander terreine waarde wil toevoeg maar die eintlike waarde wat dit vir God moet hê gebeur nie. Dan is die hout uit die kerk gesny wingerdhout sonder vrug. Ons kan op hierdie Sondag waar die reformasie van die 16de eeu ons voor oë kom, ons nie losmaak van die vraag aan die begin gestel, is ons in ons gereformeerde-wees nog vrugbaar?! Is daar werklik nog die besef dit wat vir God belangrik is en moet ons ophou om met min vrug maar met baie takke en blare God en andere te bedrieg. Israel het dit wou doen en hulle land en hulle hele bestaan is in sy vêrste punte deur hulle troubreuk verteer. Soos hout wat deur vuur verteer kan word. En die res word 'n wildernis!

Dikwels het ons in Esegïel dit al gehoor, vandag gaan dit weer hieroor. God wat die Here in jou lewe moet wees. God wat die Here in hierdie kerk moet wees. Hoe baie het die Here dit nie al in hierdie 15 hoofstukke gesê nie- *...dat julle sal weet dat Ek die Here is*. Wanneer ons weet en ons leef as mense wat werklik glo ons God is die HERE, dan sal hierdie gedeelte uit Esegïel my laat besef die gereformeerde geloof is nie daar ter wille van my nie, maar ek is hier in diens van en ek is hier ter wille van hierdie geloof wat ek van God ontvang het. Die wingerd is daar ter wille van sy vrug en die vrug is nie daar ter wille van die wingerd nie. As daar nie vrug is nie, dan is die wingerd so nutteloos, daarom weet dat die wingerd net daar is, ter wille van sy vrug. Moet nie wil maak of 'n wingerd sonder vrug tog ook iets beteken nie. Dit beteken niks! Mens wil nie dat jou lewe niks beteken nie. Mislukte lewens soos Israel hier moet hoor, omdat hulle 'n lewe so onvrugbaar begin lewe het.

Hierdie onvrugbare lewe word nog ernstiger, dit is nie net 'n mislukking nie, maar dit staan ook in die pad van andere wat wel vrugbaar sou kon wees. Dit gebruik sappe en goeie grond en tog geen vrug nie. Die wingerd is daar om van vrug te pluk. Moet jy nie van andere wil pluk nie, maar self is daar by jou nie vrug nie. Dit staan daarom weereens vir ons baie duidelik uit. Jy het 'n verantwoordelikheid wat die Here vir jou gegee het. Die Tuinier wat op pad is, sal nie kom ter wille van jou hout of jou blare nie, maar om die vrug te soek. Die wingerd is net daar om sy vrug te laat pluk. Dit is al waarvoor ek en jy in hierdie wingerd van God is. As ons om 'n ander rede hier is, ons

Pretoria- 31 Oktober 2010 (Hervormingsondag)

dink miskien ons is hier omdat ons as hout vir God soveel werd is, ons die volk wat op ons hout wil roem, uit watter goeie hout is ons gesny- broeder en suster, hoor die vraag ten laaste maal- *wat is die hout van die wingerdstok meer as al die hout- die wingerdrank wat onder die hout van die bos is...* "n Wingerdhout, 'n wingerdstok 'n wingerdrank selfs in 'n groot bos kan nie sy verantwoordelikheid op die bos plaas nie. Die verantwoordelikheid om vrug te dra moet juis in die bosse van die lewe 'n verskil kom maak.

AMEN

Die Here wat aan ons niks verskuldig is nie
wat vandag mag terugkyk na wat die Hervorming van Luther en Calvyn beteken, staan
voor